### *Genesing van die siek familielede van `n ou Judeër*

**33** Dan kom daar egter onverwags **`n ou Judeër** uit die omgewing van Násaret die kamer binne en vra angstig na My. Die leerlinge wys My aan, en hy loop na My toe, val op sy knieë en sê huilend:

[2] “Goeie Meester, Seun van my ou vriend Josef! Ek het gehoor van u wonderbaarlike metode om siekes te genees, en het my daarom in my groot nood na U gewend, omdat ek gehoor het dat U Uself nou weer in Násaret bevind.

[3] Weet u, ek is al negentig en baie hulpbehoewend; maar ek het kinders en kleinkinders wat my altyd met alle liefde en aandag versorg het. Hulle is egter oorval deur `n onbekende kwaadaardige siekte, sodat hulle nou almal in die bed lê, en ek, swakke ou grysaard, is die enigste in die huis wat nie siek is nie. Ek het geen raad meer nie. Geen buurman durf by my aan huis kom nie, uit angs dat hyself die kwaadaardige siekte sal opdoen, en dus staan ek hulpeloos, en weet geen raad meer nie. Ek kan myself nie meer help nie! Ek het tot JaHWeH Elohim gebid om my te help - selfs deur die dood, as dit Sy wil sou wees!

[4] Terwyl ek egter so bid, verskyn daar `n mens in die venster van my kamer en sê: ‘Waarom twyfel jy, terwyl die Hulp so naby is?! Gaan na die huis van Josef! Die Verlosser JaHshua is daar; slegs Hy kan en sal jou help!’ - Toe skraap ek al my kragte bymekaar, laat my siekes, wat ek tog nie kan help nie, onder Elohim se toesig agter, en begeef my op die kort weg hierheen na u toe. Omdat ek so geseënd was om U, goeie, beste Verlosser, aan te tref, vra ek U nou met alle krag wat in my is, of U sou wil kom om my sewentien siekes te help wat baie onder die onbekende siekte ly. "

[5] **Ek** sê: "Ek het My weliswaar voorgeneem om in hierdie omgewing, vanweë die gebrek aan geloof, geen teken meer te doen nie, maar as jy glo dat Ek jou kan help, gaan dan getroos na jou huis, en dit het geskied soos wat jy geglo het!"

[6] Na hierdie woorde bedank die diep ontroerde grysaard My en gaan na sy huis. En toe hy, self versterk, die huis nader, kom al sewentien hom tegemoet, so gesond asof hulle nooit siek was nie. Hulle begroet hom soos gewoonlik heel vriendelik en bevestig aan hom dat hulle `n halfuur gelede blakend gesond geword het. Hulle het probeer om self op te staan en terwyl hulle opstaan, het hulle baie kragtiger gevoel as wat hulle ooit vroeër tydens hulle siekte gevoel het. Hulle het hom al orals gesoek en was besorg oor hom.

[7] Toe **die grysaard** dit hoor, bevestig hy dat die kwaadaardige siekte sy familie op dieselfde tyd verlaat het toe Ek in My huis aan hom gesê het: “Dit geskied volgens wat jy glo!”

[8] Pas terug in sy huis, toe sy familielede hom vra om hulle te vertel waarheen hy was, sê hy: "Ek het gehoor dat die wêreldberoemde Verlosser JaHshua, Homself weer in Násaret bevind. Ek maak my toe gereed en gaan daarheen - en kyk, Hy verhoor my en sê slegs: “Dit geskied volgens wat jy glo!” En julle het deur daardie woord van hom oombliklik gesond geword ! Sê nou self of so iets ooit in die hele Israel gebeur het!"

[9] **Die wat gesond gemaak is** sê: "Luister vader, in dié geval moet Hy méér wees as maar net `n wondergeneser! Vader, dit is miskien selfs weer `n groot profeet, groter as JeshaJaH, JermiJaH, Esegiël en Daniël, miskien wel so groot soos Moses, Ääron en EliJaH! Hy kon slegs met die Hulp van JaHWeH sulke wonders gedoen het, omdat alle geeste, sowel onder die aarde as bo die aarde, in die water en in die lug, aan Hom onderdanig moes wees! As hulle so onderdanig moet wees aan `n groot profeet, is Hy natuurlik in staat om alles wat hy maar wil in `n oomblik te kan doen!

[10] Maar waar kom die timmermanseun aan so `n onmeetbare barmhartigheid van Elohim? Ons ken Hom tog almal heel goed; dit is nouliks drie jaar gelede dat hy en sy broers timmerwerk by ons gedoen het! Toe was daar niks hiervan by hom te vinde nie! Sou hy die gawe maar kort gelede gekry het? Hy was wel altyd `n heel vrome mens en sy gedrag was altyd baie beleefd. Hy was `n rustige werker en het slegs die nodigste gepraat; `n mens het hom egter nooit gesien lag nie, maar Hy het ook nooit getreur nie; dus kon JaHWeH sy deugde wel opgemerk het en hom nou hierdie barmhartigheid gegee het! Want JaHWeH let nooit op die wêreldse aansien van `n mens nie, maar slegs op die suiwere, onbesproke hart!"

[11] **Die grysaard** sê: "Ja, ja, daarin kan julle wel gelyk hê, so sal dit wel wees; maar as dit verseker is, moet ons môre met alle vreugde daarheen gaan, en aan Hom ons lof en ons dank aanbied! Want vir `n sigbare, deur Elohim geroepe en deur Sy gees gesalfde profeet, moet elke mens die knieë buig! Want nie die profeet nie, maar Elohim Self is Hy wat deur Sy hart en mond spreek en doen!"

[12] **Almal** sê: "Amein, dit moet ons eerste en hoogste plig wees!" Toe gaan hierdie mense die huis in en die kinders maak `n aandete klaar, want hulle was almal honger.

### *Die hebsug van die fariseërs*

**34** Die fariseërs van Násaret het egter verneem dat die bewoners van die huis so ernstig siek was dat genesing nie meer moontlik was nie. Daarom het hulle daarheen gegaan om vooraf afsprake te maak oor die erfenis tiendes en oor die begrafnis; want as `n sieke sonder hul bystand gesterf het, het hy geen reg meer op die nalatenskap gehad nie - die fariseërs word dan die erfgename. Toe die fariseërs dus laat in die nag vir hierdie doel by die huis aankom, terwyl die bewoners hulle na die aandete al na die bed begin te begewe, trek die hebsugtige helpers van siele na die ander wêreld baie lang gesigte, toe hulle minstens die helfte van die dood gewaande mense in die beste gesondheid aantref.

[2] **Die eerste fariseër**, wat heel behoedsaam met ingehoue asem binnetree, sê: "Ja, wat is dit dan nou? Lewe julle dan nog? Ons het gedink dat minstens die helfte van julle al oorlede sou wees, en het daarom gekom om julle siele te wy en julle liggame te begrawe volgens die gebruik van ons vaders! Wie het julle dan gesond gemaak? Sekerlik nie Borus nie! Ons weet dat hy nie na julle toe sal gaan nie, al word hy geroep; want hy het sekerlik netsoos ons `n groot angs vir julle kwaadaardige siekte. Wie was dan julle dokter?"

[3] **Die skoonseun** van die grysaard, `n kragtige man in werke, praat en sê: "Waarom vra u dit? U het ons nie gehelp nie, en sodoende is ons mekaar wedersyds niks verskuldig nie! U het nie vir ons verlossing na ons toe gekom nie, maar vir die erfenis-tiende; en ek sê vir u: wat dit aanbetref, kan u vir ewig van ons af wegbly! Want kan, wil of waag u dit om weer aan `n bedreigde huis hulp te gee, laat iemand eers sê of hy u nodig het! Dié huis sal verseker nooit op u sit en wag nie! Waarlik, u is in al u doen en late slegter as die slegste kruipende gedierte, wat slegs maar daar is om te vreet, niks goeds te doen, maar wel allerlei goeie vrugte van die aarde sleg te maak en te bederf! Gaan dus daarom gou onder ons oë uit, anders vergryp ons onsself aan u!"

[4] **Een van die oudste fariseërs** sê: "Nou ja, ons sal gaan; maar jy kan ons tog wel die plesier gee om ons te vertel wie julle gehelp het! Daagliks het ons sewe uur lank vir julle gebid, en ons sou daarom wou weet of julle dalk tog wonderbaarlik deur ons gebede genees is! Want op natuurlike wyse kon julle in elk geval nie meer gehelp word nie! Vertel daarom vir ons, so iets kos julle tog niks nie!"

[5] **Die skoonseun** sê: "Gaan weg, leuenaars! U kon wel vir die erfporsie-tiende daagliks sewe uur om ons dood gesmeek het, maar sekerlik nie vir ons lewens nie; want u het nou nie hierheen gekom om ons geluk as volkome hersteldes te soek nie, maar om by ons, die vermeende afgestorwenes, die erfporsie-tiende te laat beskrywe, en om dit na ons dood hebsugtig in besit te neem! O, booswigte, ek ken u maar al te goed en ook u gebede! Verdwyn daarom, anders sal ek genoodsaak wees om van my huisregte gebruik te maak! U is van ewigheid af nie werd om die naam uit te spreek van dié Een wat ons gehelp het nie.”

[6] **Die oudste fariseër** sê nou: ”Laat dit so wees, dat ons so is soos wat jy dink; maar ons kan tog nie anders word nie! Want hier het `n wonder plaas-gevind en dit kan heel maklik ons denke en handelswyse verander! Sê vir ons daarom!"

[7] **Die skoonseun** sê opgewonde: "Op hierdie wêreld verander niks meer nie, ook nie Elohim nie! As u te verander sou wees, dan sou u al lankal verander het; want u het Moses en al die profete wat teen u getuig! Maar u god is mammon en bestaan uit goud en silwer! Dié god dien u in u hart, en slegs vir die skyn omhul u hom met die kleed van Moses en Aäron, sodat u soos verskeurende wolwe in skaapvel makliker met u dodelike tande die kudde van die lammers kan inval om hulle te verskeur en te verslind!

[8] Maar JaHWeH ken u en sal u ook sekerlik so spoedig moontlik u lang verdiende loon gee! Elohim het tans vir JaHshua, die seun van Josef die timmerman, geroep as een soos Moses, en hierdie JaHshua, wat ons almal oombliklik deur Sy magtige woord genees het, sal u ook seker sê hoeveel u verdienstelikheid by Elohim werd is; want Hy is vervul met Elohim se Gees, u daarenteen is met die gees van Beëlsebul vervul! Laat daar daarom nou vir die laaste maal aan u gesê word om te verdwyn en nooit weer hierdie huis te betree nie - anders sal u sleg vergaan!"

[9] Na hierdie woorde verlaat die fariseërs die huis, en dink snaakse dinge oor JaHshua, wat hulle alweer in die vaarwater laat kom het, en oorweeg hoe hulle van Hom af kan wegkom, omdat daar gevrees word dat Hy binnekort alle Judeërs, net soos hierdie huis, teen hulle sou opstook.

[10] Toe hulle hierdie slegte gedagtes egter te veel gekoester het, klink daar agter hulle `n geluid soos van donder, met `n geweldige harde knal daarby, wat maak dat hulle almal ontsettend skrik, en vervolgens geruisloos op loop sit na die stad.